DIE SIELKUNDE AGTER DIE SNOEI

DAAN DU TOIT

INLEIDING

Net soos in die geval met ander boompies word Akasias ook gesnoei om mee te help om die gewensde grootte en vorm te verkry. Die volgende paar punte is van belang met betrekking tot die snoei van boompies:

SNOEITYD

Seisoen

Snoei gedurende die regte tyd van die jaar om die gewensde resultaat te behaal.

a. Moet nie te gou na die lente snoei nie. Boompies wat in die lente bot gebruik reserwes wat gedurende die winter in die wortels en stam gestoor was. Eers nadat daar genoeg blare gevorm het, kan die proses van fotosintese op sigself genoeg "voedsel" vervaardig om in voldoende mate te voorsien vir die geil groeiproses wat die boompie in die lente ervaar. Wanneer boompies in die lente bot, is dit dus raadsaam om te wag tot groei gestabili-seer het voordat snoei toegepas word. Wortelreserwes kan andersins onnodig uitgeput word wat plante kwesbaar kan maak.

b. Akasias is bladwisselende bome wat beteken dat hulle gedurende die laat herfs reserwes in hul stam en wortels stoor vir die bot-aksie in die lente. Drastiese snoei in die laat herfs lei daartoe dat boompies geil uitloop. Indien koue intree voor die nuwe groei tot hardehout takkies ontwikkel het, kan dit die nuwe groei, wat baie kouegevoelig is, beskadig. In effek word 'n hoeveelheid reserwekrag vermors op waardevolle botsels wat beskadig word. Boompies wat nie 'n definitiewe winter rusperiode gehad het nie, bot swakker in die lente. Die blare van bome wat traag is om in 'n rusperiode in te gaan, kan gedurende Julie of Augustus afgesny word om die boompie in 'n rusperiode te forseer. Hierdie probleem word veral in warm areas, sowel as bome wat in woonstelle of kweekhuise gehou word, ondervind.

Hardehoutvorming

Wag vir die hardehoutvorming op nuwe groei voordat dit teruggesnoei word. Dit sal die moontlikheid van terugsterwing ook verlaag.

Pendorings

Tydens snoei kan lang en onooglike pendorings uitgesnoei word. Sulke dorings ontstaan gewoonlik wanneer 'n tak te sterk gegroei het en dit bly permanent deel van die tak. Lang pendorings pas nie by die voorkoms van 'n ou boom met klein blare en fyn takgroei nie.

In die natuur verdwyn pendorings namate die boom ouer word. Dit is die natuur se verdedigingssmeganisme vir jong bome teen diere, terwyl ouer bome nie meer hierdie beskerming benodig nie.